

# FLUITSPELERS GAAN DUUR BETAAL VIR ONRUS

## DEUR

### DR PHILIP THEUNISSEN COMPUTUS BESTUURSBURO

---

Op 2 Februarie 2012 kondig die Departement van Arbeid aan dat die minimum loon vir plaaswerkers vanaf 1 Maart 2012 opwaarts aangepas word van R7.04 tot R7.71 per uur, van R317.51 tot R347.10 per week en van R1375.94 tot R1503.90 per maand interme van die sektorale vasstelling vir plaaswerkers. Vir die twee jare daarna sal die minimum loon ook nog telkens met ten minste die verbruikersprysindeks plus 1.5% aangepas word. Verder onderneem die Departement ook om toe te sien dat die minimum loon wel toegepas word deur middel van 800 inspekteurs oor die hele land.

Nege maande na die vasstelling van die huidige minimum loon begin plaaswerkers in die Hexriviervallei met geweldadige stakings en eis 'n minimum loon van R150.00 per dag, wat meer as dubbeld is as dit wat die Departement van Arbeid vasgestel het. Verskeie politici spring vinnig op hierdie wa en skep die indruk dat boere hulle werkers finansiëel uitbuit en soos slawe behandel. Mnr Fransman, ANC-leier in die Wes-Kaap en ook Adjunkminister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking, het volgens berigte gesê dat die boere van die De Doorns-omgewing sal ôk@kö. Mnr Tony Ehrenreich tokkel onophoudelik op die snaar van ôslawernyö waaraan boere hulleself skuldig maak en verklaar dat Marikana na die plase toe gekom het. Me Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, wens die stakers geluk met hulle öoorwinningö oor die boere en die Oos-Kaapse ANC vra die buiteland om Suid-Afrikaanse wyn te boikot.

#### **Werkseleenthede**

In hulle verslag: *“The Economic Rationale for Agricultural Regeneration and Rural Infrastructure Investment in South Africa”* bevind Meyer, Breitenbach, Fenyés en Jooste dat die landbousektor se kapasiteit en ook vermoë om werkseleenthede te kan skep by verre dié van enige ander sektor van die ekonomie oorskry. Dit geld nie net vir landbou self nie maar ook vir stroomaf sektore wat landbouprodukte as grondstof gebruik. Dit is in die besonder van toepassing om armoede in die plattelandse gebiede te verlig. Die verslag spel ook uit dat ander sektore tot 'n groot mate reeds hulle versadigingspunte bereik het en dus nie dieselfde potensiaal as landbou het om nuwe werkseleenthede te kan skep nie. Dan word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die regering hierdie moontlikhede moet erken en sy ondersteuning aan landbou moet verleen sodat die sektor se vermoë om werk te skep ten volle benut kan word.

In die praktyk is die teendeel egter waar. Tracey Simbi en Michael Aliber van die Departement van Handel en Nywerheid se verslag: *“Agricultural Employment Crisis in*

*South Africa*” kom tot die gevolgtrekking dat indiensneming deur Suid-Afrika se kommersiële boere teen ’n onrusbarende tempo afneem. Volgens hierdie verslag is boere ook toenemend meer geneig om weg te beweeg van permanente werkers en maak hulle meer van tydelike werkers gebruik. Dan kom die verslag tot die gevolgtrekking: *“If the decline in employment continues in this fashion, then the already grave problem of rural unemployment will become graver still.”*

Voor die ANC in 1994 aan bewind gekom het, was daar in totaal bykans 1,1 miljoen mense op plase in Suid-Afrika werksaam gewees. In 2010 beloop hierdie syfer 650,000. Dit is ’n afname van 450,000 werksgeleenthede op plase terwyl die res van die ekonomie vir die ooreenstemende tyd bykans 1,2 miljoen meer mense in diens geneem het.

Die verslag wat hierdie statistiek bevat: *“Estimate of the contribution of the agricultural sector to employment in the Southern African Economy”*, opgestel deur die Direktoraat Ekonomiese Dienste, Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, verklaar in 2010 verder dat dit ooglopend is dat plaaswerkers gemiddeld meer as die minimum loon verdien. In 2003 het hulle R13,626.93 verdien wat tot R17,649.70 in 2007 toegeneem het. Terselfdertyd was die minimum loon in 2003 R7,800.00 en het tot 12,492.00 in 2007 toegeneem. *“The gap between the minimum wage and what agriculture sector employees earn is significant.”* en ook: *“The farm workers are therefore receiving wages in accordance with South Africa’s labour laws.”* luidens die verslag.

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye se verslag voer redes aan waarom die aantal plaaswerkers so skerp afgeneem het. Daar word aangevoer dat tesame met ’n verandering in die ekonomiese omgewing (insluitende tegnologiese vordering) is wetgewing, met die klem op plaaswerkers se verblyfreg, die vernaamste bydraer tot die verlies aan werksgeleenthede op plase. Die verslag haal dan ook vir Simbi en Aliber aan wat argumenteer dat boere se vrese dat hulle beheer van hulle eie grond aan plaaswerkers sal moet afstaan en ook hulle persepsie dat al die arbeidswette wat onder die ANC se bewind ingestel is, dit moeiliker maak om arbeid te bestuur, die vernaamste redes vir die groot werksverliese op plase is.

### **Die feite**

Dit is dus nodig om ’n paar feite rondom plaaswerkers uit bogenoemde saam te vat:

- Die minimum loon word deur die regering en nie deur boere nie, vasgestel. Daar kan dus nie sprake van uitbuiting deur boere wees nie.
- Die huidige minimum loon is nege maande vóór die onrus reeds aangekondig en vakbonde, politieke partye en plaaswerkers het meer as genoeg tyd gehad om hulle ontevredenheid daarmee te toon.
- Geen plaaswerker word onder dwang en teen hulle sin deur boere aangewend nie en dit staan elke werker vry om enige tyd vrywillig te bedank en ’n ander heenkome te gaan soek. Om die werkgewer- werknemerverhouding op plase as slawerny te tipeer is totaal verregaande.

- Verskeie gesaghebbende ondersoeke, selfs uit regeringsdepartemente, toon aan dat die oorgrote meerderheid van plaaswerkers heelwat meer as die minimum loon verdien. Om aan te voer dat boere die minimum loon as 'n plafon beskou is van alle waarheid ontbloot.
- Al die komplekse arbeidswette en gepaardgaande moontlikheid van arbeidsonrus maak boere huiwerig om nuwe werksgeleenthede te skep. Daarom doen hulle eerder die teendeel om hulle blootstelling hieraan te verminder.

## **Volgelingen**

Dit is natuurlik nie die eerste keer wat ANC-politici of sy alliansies poog om 'n slagveld van landbou te maak nie. In die verlede het die eertydse adjunk minister van Landbou, wyle dr Dirk du Toit, boere daarvan beskuldig dat hulle stelselmatig met 'n menseslagting onder plaaswerkers besig is. Die voormalige leier van die ANC-Jeugliga, Julius Malema, het herhaaldelik aangevoer dat boere die grond gesteel het waarop hulle boer. Die huidige Minister van Polisie, Mnr Nathi Mthethwa, sê die meerderheid plaasaanvalle is die resultaat van loongeskilte tussen boere en hulle werkers. Me Joemat-Pettersson neem boere kwalik vir die slakkepas waarteen grondhervorming plaasvind en bly steun op die Pekeur-verslag wat aanvoer dat plaaswerkers uitgebuit word en dat meer as 'n miljoen plaaswerkers onwettig van plase afgesit is.

Dit is nie duidelik nie, nog verstaanbaar, waarom die ANC volhou om 'n haatklimaat tussen boere en hulle plaaswerkers te probeer skep. Dit is ook onverklaarbaar waarom die ANC na hoogs omstrede verslae gryp en feitelik ondersoeke, selfs dié van staatsdepartemente, ignoreer. Dit is verder onbegryplik waarom sogenaamde onwettig optrede van boere teenoor hulle plaaswerkers net op politieke platforms navore kom maar nooit in hofuitsprake nie. Dit is ook opmerklik dat natuurrampe en ekonomiese faktore wat die plaaslike produksie van landprodukte wesentlik raak nooit dieselfde aandag van die regering kry as aangeleenthede rondom plaaswerkers nie. Die enigste gevolgtrekking waartoe daar gekom kan word is dus dat die feite nie goed vir populistiese politiek is nie terwyl arbeidsonrus wel is. Daarom moet daar aanvaar word dat die stakings 'n politieke dryfkrag het eerder as wat dit 'n loongeskil tussen boere en plaaswerkers is.

Die onsekerheid wat deur die arbeidsonrus geskep word gaan boere noodsaak om die probleem kleiner, en nie groter nie, te maak. Die politici se populistiese opstokery van plaaswerkers gaan dus net verdere werksverliese op plase veroorsaak. Ongelukkig is dit 'n groot klomp naïewe seisoenale plaaswerkers wat soos die onskuldige kinders in die dorpie Hamelin agter die fluitspeler gaan aanloop en in die berg gaan verdwyn net om nooit weer op plase gesien te word nie.